# Noak's Ark Independent Primary School

| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
|---|---|
| Type: End of 3rd Term Assmt | Moderator: Teles, K |
| Date: 6 October 2020 | Grade: 7 |
| Marks: 100 Marks | Time: 2 hours 30 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A: Luister en Praat

Gedig: "'n woord is 'n woord"

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Vlotheid | 3 | |
| Korrrekte uitspaak | 3 | |
| Punktuasie | 2 | |
| Intonasie | 2 | |
| Totaal | 10 | |

## Afdeling B : Lees en Kyk

Diego Maradona is naby die stad Buenos Aires in Suid-Amerika gebore. Sy pa het in 'n fabriek gewerk. Hy het op nege-jarige ouderdom begin sokker speel. Hy was maar net 16 jaar oud toe hy vir Argentinië se nasionale span begin speel het. Daarna het hy in Spanje gaan sokker speel.

In 1984 is Diego Maradona van die Barcelona-sokkerklub in Spanje oorgeplaas na die Italiaanse sokkerklub, Napels.

Die sokkergeesdriftiges het Maradona soos 'n god behandel. Sy naam was op mure regdeur die stad geskryf. Sy foto was orals – in winkels, kafees en skole, op T-hemde, keppe, serpe en plakkate. Daar was dosyne artikels oor hom in die koerante.

In Napels kon 'n mens Maradona-toffielekkers, Maradona-pette, Maradona-hardloopskoene, Maradona-penne, Maradona-vuurhoutjies, Maradona-enige iets orals te koop kry.

Hy het omtrent 1000 pond per minuut verdien om sokker te speel. Hy het nog meer verdien deur die maak van advertensies en die gebruik van sy beeld om koeldrank te verkoop. Sy naam is ook gebruik om plaaslike voedsel soos kaas, pizzas en tamaties te verkoop. In daardie jare was Napels een van Italië se armste sokkerklubs, maar met Maradona daar, het tot soveel as 82 000 sokkergeesdriftiges die stadion volgepak om hulle held te sien sokker speel. Hy kon nêrens gaan sonder om herken te word nie. Hy het in 'n hotel gewoon. Hy kon nooit alleen êrens gaan nie. Hy was altyd omring deur veiligheidswagte. Maradona was oor en oor 'n miljoenêr, maar 'n gevangene van sy roem.

In 1986 was hy die kaptein van die Argentynse sokkerspan en het Argentinië gelei na 'n oorwinning in die Wêreldbeker. Hy was ook as die speler van die toernooi aangewys. Hoewel hy maar min vaardighede as afrigter gehad het, het hy in November 2008 afrigter van Argentinië se nasionale span geword tot na die afloop van die wêreldbeker in 2010, wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Source: Via Afrika Grade 7 Learner's Book, page 230-231..

1. Oor wie handel die artikel? (2)

______________________________________________________

______________________________________________________

2. Aan watter sportsoort het hy deelgeneem? (1)

_______________________________________________

3. Hoe oud was hy to hy begin sokkerspeel? (1)

_______________________________________________

4. Daar het baie artikels oor hom in koerante verskyn. (1)

a. waar

b. vals

5. Noem die drie dinge wat in 1986 met Maradona gebeur het? (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

6. Noem die drie lande wat Maradona voor gespeel het? (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Was hy 'n kind van ryk ouers? Motiveer jou antwoord. (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

8. Hoekom word daar 'n aandagstreep in die 3de paragraaf gebruik? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

9. Waarom dink jy kan hy later nooit alleen êrens gaan nie? Motiveer jou antwoord. (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

10. Hoe weet jy Maradona was baie beroemd? Motiveer jou antwoord. (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

11. Daar word gesê dat sokker geesdriftiges Maradona soos 'n god behandel het. Wat beteken dit? Word it letterlik of figuurlik bedoel? (4)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

12. Napels was eers 'n baie arm sokkerklub voordat Maradona vir hulle begin speel het. Hoe weet ons dit het verander toe Maradona vir die klub begin speel? Motiveer jou antwoord. (4)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

13. Hoe het Maradona meeste geld verdien? (1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

14. Was hy 'n goeie afrigter? Motiveer kortliks. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

15. Hoe sou jy daarvan hou om so beroemd te wees. Motiveer jou antwoord. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

_____ / 35 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C: Taalstrukture en Konvensies

1. Skryf die meervoud van die volgende en die verkleinwoord (4)

   a. foto _________________ _________________

   b. arm _________________ _________________

   c. hoera _________________ _________________

   d. radio _________________ _________________

2. Skryf die sinne oor en plaas die komma op die regte plek. (2)

   a. Ons leer alles oor skryfwerk dramas soortname en kommas.

   ______________________________________________________________

b. Daren moet die week baie leer want hy het 'n toets.

________________________________________________

3. Skry die sinne in die indirekte rede neer. (5)

a. Ek skree: "Daar is 'n musikant by ons voordeur."

________________________________________________

b. Ons sing: "Die vakansie begin vandag."

________________________________________________

c. Ek vra: "Het jy gister na die musiek program geluister?"

________________________________________________

d. Ek sê: "More skryf ons toets."

________________________________________________

e. Ek sê: "Julle kan na musiek op die selfoon luister."

________________________________________________

4. Waarvoor stann die volgende afkortings. (4)

a. d.w.s. __________________________________________

b. geb. __________________________________________

c. bv. __________________________________________

d. bet. __________________________________________

5. Maak verboë vorme van die byvoeglike naamwoorde en gebruik dit in sinne om die betekenis duidelik te maak.

a. blink

______________________________________________________

b. klein

______________________________________________________

c. grys

______________________________________________________

d. reus

______________________________________________________

e. lief


______________________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling C)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Skryf 'n beskrywende opstel oor jou droom his by die see vir omtrent 130 – 160 woorde.

Beplan jou opstel, Skryf 'n eerste weergawe, redigeer en skryf 'n finale weergawe.



Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Beskrywing van die huisie met byvoeglik naamwoorde | 10 | |
| Ek het 'n prentjie met woord geskep | 3 | |
| Ek het beeld van sig, klank en gehoor gebruik | 2 | |
| Ek het deeglik beplan, redigeer | 5 | |
| My opstel het 'n begin, middel einde | 5 | |
| Netjies en leesbaar | 5 | |
| Korrekte tall, gramatika, spelling and punktuansie | 5 | |
| Totaal | 35 | |